
70. Die inhoudsvermoë van enige ondergrondse opgaartenks mag nie 23 kl oorskry nie.

Bou van Tenks

71.(1) Elke opgaartenk moet van yster, staal of ander geskikte metaalplate van toereikende sterkte vervaardig wees en moet behoorlik geklink, gekalfater, gesweis, geswissoldeer of op 'n ander wyse wat net so bevredigend is, vasgeheg wees.

(2) Die bokant en sykante van so 'n tenk moet gestut en versterk wees, met sodanige stutte, balke, hoekysters en ankers as wat met inagneming van die inhoudsvermoë, vorm en ligging van die tenk, nodig is om dit sterk genoeg te maak vir die doel waarvoor dit gebruik word.

(3) Elke opening in enige ondergrondse opgaartenk, behalwe 'n rioollugpyp, moet stewig toegemaak word met 'n doeltreffende dop, deksel, kraan of klep wat behoorlik vasgesit is.

(4) Alle pype, uitgesonderd 'n lugpyp, wat met 'n ondergrondse opgaartenk verbind is moet tot binne 100 mm van die bodem van die tenk afloop.

(5) Elke bogrondse opgaartenk moet van 'n toereikende ventilasiestelsel voorsien wees sodat oormatige interne drukking voorkom word.

(6) Elke opgaartenk moet te alle tye in ooreenstemming met die onderskeie bepalings van hierdie artikel onderhou word.

Installation of Storage Tanks

72.(1) Every underground storage tank shall —

(a) be so installed that the top of the tank is not less than 600 mm below the surrounding ground level, or covered with not less than a 150 mm concrete mat and not less than 150 mm of earth or sand;

(b) be set in firm foundations and wholly surrounded with soft earth or sand or encased in concrete;

(c) with the exception of any opening to the manhole, be covered with concrete adequately reinforced in all cases where vehicular traffic passes over such tank;

(d) be situated within the building line of the premises;

(e) where such tank is situated in or within 2 m of any basement, be installed in a chamber of concrete not less than 150 mm thick or brick not less than 225 mm thick set in cement mortar with the space within the pit surrounding the tank completely filled with closely-packed earth or sand:

Provided that the provisions of this section shall not apply to any bulk depot.

(2) Above ground storage tanks shall only be installed within a bulk depot.

Ventilation of Underground Storage Tanks

73. Every underground storage tank shall have a ventilating pipe of not more than 50 mm with an internal diameter of not less than 25 mm which pipe shall —

(a) be carried up to a height of not less than 4 m into the open air;

(b) have the upper end protected with a non-corrodible wire gauze of not less than 600 microns and which is secured in such a manner that such gauze may be removed for examination and cleaning;

(c) terminate at least 6 m away from any fire, flame or naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour.

Installation of Storage Tanks in Buildings

74. No storage tank shall be installed in or below any building which is more than one storey high, unless the ceiling above such tank is constructed of reinforced concrete.

Abandoned Tanks

75. In the event of any underground storage tank being abandoned, the owner of such tank shall cause it to be removed or filled with sand or liquid concrete.

Entering of Storage Tanks

76. No person shall —

(a) enter or cause or permit any person to enter any storage tank which has contained flammable liquid until such tank has been totally freed from any flammable liquid vapour, unless such person is wearing an efficient gas mask;

(b) enter any storage tank at any time unless he is bound to a lifeline which at surface level is under the control of a reliable person continuously responsible for the safety of the person in the storage tank.

Installering van Opgaartenks

72.(1) Elke ondergrondse opgaartenk moet —

(a) so geinstalleer wees dat die bokant van die tenk minstens 600 mm laer is as die hoogte van die omringende grond, of bedek is met minstens 'n 150 mm dik betonblad en minstens 150 mm grond of sand;

(b) op vaste fondamente geplaas en geheel en al omring wees deur sagte grond of sand of dit moet met beton omhul wees;

(c) met die uitsondering van enige opening vir 'n mangat, bedek wees met behoorlik gewapende beton in alle gevalle waar voertuigverkeer oor so 'n tenk gaan;

(d) geleë wees binne die boulyn van die perseel;

(e) waar so 'n tenk in of binne 2 m van enige kelderverdieping geleë is, in 'n kamertjie van beton met 150 mm dik mure, of van stene met 225 mm dik mure wat met cementmortel gemessel is, geinstalleer word met die ruimte binne die kamertjie rondom die tenk heeltemal opgevul, met grond of sand wat goed vasgestamp is:

Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie op enige grootmaatdepot van toepassing is nie.

(2) Bogrondse opgaartenks moet slegs in 'n grootmaatdepot geinstalleer word.

Ventilasie van Ondergrondse Opgaartenks

73. Elke ondergrondse opgaartenk moet 'n lugpyp van hoogstens 50 mm hê met 'n binnedeursnee van minstens 25 mm, welke pyp —

(a) minstens 4 m in die buitelug uitsteek;

(b) aan die bo-ent met gaasdraad wat teen invreting bestand is, en wat minstens 600 mikrone is en wat bedek moet word op so 'n wyse dat die gaasdraad vir ondersoek- en skoonmaakdoeleindes verwyder kan word;

(c) minstens 6 m van enige vuur, vlam of oop lig of ander iets wat moontlik vlambare vloeistof of die damp daarvan kan laat ontbrand, weg wees.

Installering van Opgaartenks in Geboue

74. Geen opgaartenk mag in of onder enige gebou wat meer as een verdieping hoog is, geinstalleer word nie, tensy die plafon bo so 'n tenk van gewapende beton gebou is.

Tanks wat nie meer Gebruik word nie

75. Indien enige ondergrondse opgaartenk nie meer gebruik word nie, moet die eienaar daarvan dit laat verwander of met sand of vloeibare beton laat opvul.

Binnegaan van Opgaartenks

76. Niemand mag —

(a) enige opgaartenk wat vlambare vloeistof bevat het, binnegaan of laat binnegaan, of toelaat dat dit binnegaan word deur enige persoon nie, totdat so 'n tenk geheel en al vry is van enige damp van vlambare vloeistof, tensy so 'n persoon 'n doeltreffende gasmasker dra;

(b) enige opgaartenk te eniger tyd binnegaan nie, tensy hy vasgemaak is aan 'n reddingstou wat op oppervlaktehoogte onder beheer van 'n betroubare persoon is wat voordurend verantwoordelik is vir die veiligheid van die persoon in die opgaartenk.

Position of Pumps

77.(1) No pump or other device used or intended to be used for the issue or transfer of flammable liquid to any vehicle shall be erected outside the building line of any premises or within 4 m of any entrance, or exit of a building adjoining any public place: Provided that—

(a) where such entrance or exit is set back from such public place the pump or device shall be erected not less than 4 m from such public place;

(b) no such pump or device shall be erected in such a position that a hose can be used for the issue or transfer of flammable liquid on or across any public place.

(2) Notwithstanding anything contained in section 40, subsection (1) shall not apply to pumps or filling devices already erected on registered premises at the time of the coming into operation of these by-laws, in cases where a change of control or ownership of such premises occurs, unless the position of such existing pump or filling device constitutes or is likely to cause a danger or obstruction to the public or vehicular traffic.

Pumps on Ramps

78. Pumps or other devices used or intended to be used for the issue of flammable liquid to motor vehicles or containers shall not be erected on any ramp or within 4 m of the beginning of the ramp.

Dipping Sticks

79. Dipping sticks shall be made only of wood or brass or other non-ferrous metal or alloy.

Pump Hoses

80. Delivery of flammable liquid from any pump to the fuel tank of any vehicle shall be made only through sound hose have an earthing wire in its construction efficiently attached to the metal of the pump and to the metal hose nozzle. Except at an aerodrome or landing ground used by aircraft no hose attached to any such pump shall exceed 4,5 m in length measured from the pump to the tip of the nozzle.

Situation of Filling Pipes and Pumps

81. Every filling pipe inlet and every pump shall be—

(a) at surface level;

(b) installed in such position that it will not impede the escape of any person or animal from the premises in the case of fire;

(c) so situated or protected by surrounding walls as not to expose adjoining property to the risk of danger from fire during any filling operations or otherwise.

Naked Lights and Electrical Apparatus

82.(1) No person shall install or take or cause or permit to be installed or taken any fire, flame, naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour, except an incandescent electric lamp, within 3 m of any flammable liquid pump.

(2) No person shall place or cause or permit to be placed any electrical switch, fuse, motor or other such device

Posisie van Pompe

77.(1) Geen pomp of ander toestel wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die uitreiking of oorplasing van vlambare vloeistof aan of na enige voertuig, mag buite die boulyn van enige perseel of binne 4 m van enige ingang of uitgang van 'n gebou wat aan 'n openbare plek grens, opgerig word nie: Met dien verstande dat—

(a) waar so 'n ingang of uitgang op 'n afstand van so 'n openbare plek geleë is, die pomp of toestel nie nader as 4 m van so 'n openbare plek af opgerig mag word nie;

(b) geen sodanige pomp of toestel in so 'n posisie opgerig mag word dat 'n slang gebruik kan word vir die uitreiking of oorplasing van vlambare vloeistof op of oor 'n openbare plek nie.

(2) Ondanks enigets vervat in artikel 40, is subartikel (1) nie van toepassing op pompe of vultoestelle wat op die tydstip wanneer hierdie verordeninge in werking tree reeds op geregistreerde persele opgerig was nie, in gevalle waar 'n verandering van beheer oor of besit van sodanige persele plaasvind, tensy die posisie van so 'n bestaande pomp of vultoestel 'n gevaar of hindernis vir die publiek of voertuigverkeer is of kan veroorsaak.

Pompe op Opritte

78. Pompe of ander toestelle wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die uitreiking van vlambare vloeistof aan motorvoertuie of houers mag nie op enige oprit of binne 4 m van die begin daarvan af opgerig word nie.

Maatstokke

79. Maatstokke moet slegs van hout of geelkoper of 'n ander nie-ysterhoudende metaal of allooï vervaardig wees.

Pompslange

80. Lewering van vlambare vloeistof van enige pomp aan die brandstoffenk van enige voertuig moet slegs geskied deur 'n heel pompslang met 'n aardingsdraad daarin wat doeltreffend vasegeheg is aan die metaal van die pomp en aan die metaaltuit van die pompslange. Behalwe by 'n lughawe of landingsterrein wat deur vliegtuie gebruik word, mag geen slang wat aan so 'n pomp vas is langer as 4,5 m wees nie, as dit gemeet word van die pomp af tot die voorpunt van die tuit.

Plasing van Vulpype en Pompe

81. Elke vulpypinlaat en elke pomp moet—

(a) op oppervlaktehoogte wees;

(b) in so 'n posisie geïnstalleer wees dat dit nie die ontsnapping van enige persoon of dier van die perseel af sal belemmer in geval van brand nie;

(c) so geleë wees of deur omringende mure beskerm wees dat die aangrensende eiendom nie aan die gevaar van brand blootgestel word tydens vulwerksamehede of andersins nie.

Oop Ligte en Elektriese Apparaat

82.(1) Niemand mag enige vuur, vlam, oop lig of ander iets wat moontlik vlambare vloeistof of die damp daarvan kan laat ontbrand binne 3 m van enige vlambare vloeistof-pomp installeer of neem, of laat installeer of neem, of toelaat dat dit geïnstalleer of geneem word nie, behalwe 'n elektriese gloeilamp.

(2) Niemand mag 'n elektriese skakelaar, 'n sekering, motor of ander sodanige toestel binne 'n afstand van 3 m van 'n pomp af plaas, of laat plaas, of toelaat dat dit daar

within a distance of 3 m of any pump unless such switch, fuse, motor or device is of flame-proof construction.

(3) The electrical wiring between the distribution board or junction box and the pump shall, where possible, be in one continuous length of wire: Provided that where this is not possible flame-proof junction boxes shall be used.

Maintenance of Tanks, Pipelines and Pumps

83.(1) All tanks, pipelines, pumps, machinery, fittings and appurtenances for the storage, use or handling of flammable liquid shall be —

- (a) of sound and proper construction;
- (b) so installed and fixed as not to be liable to be damaged;
- (c) efficiently electrically earthed;
- (d) free from leakage of flammable liquids, and as far as is reasonably possible, free from leakage of flammable liquid vapour except by means of a vent pipe;
- (e) maintained in good and proper order and at all times in accordance with the provisions of this section.

(2) All pipelines shall be below ground level and at right angles to the building line when crossing a public footwalk.

(3) All earth connections required in terms of this section shall be examined once every 12 months by a qualified person who shall enter in a suitable log book, supplied by the occupier of the premises and kept solely for the purpose, the efficiency and condition of such earth connections his name and address and the date of the examination. All such entries shall be signed by such qualified person and shall be readily available for inspection by any duly authorised official of the Board.

Construction of Portable Containers

84. No person shall store or convey or cause or permit to be stored or conveyed in one container any Class A or Class B flammable liquid in a quantity exceeding 50 l unless such container is constructed of metal not less than 1,60 mm thick.

Filling of Containers

85. No person shall carry on or cause or permit to be carried on the trade, business or occupation of filling containers with Class A or Class B flammable liquid other than in a fire-proof building used solely for such purpose, or in the open air at a distance of not less than 16 m from any fire, flame, naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour.

Quantity in Containers

86. No container shall be filled with flammable liquid to more than 95 per cent of its capacity.

Containers after Delivery

87. No person taking delivery of any flammable liquid in containers in excess of the quantity stated in section 42 or under circumstances of temporary storage provided in section 50, shall cause or permit such containers to remain unattended in any place other than a store or storage tank for a longer period than may be reasonably necessary which, in no circumstances, shall exceed a period of 12 hours.

geplaas word nie, tensy sodanige skakelaar, sekering, motor of toestel vlamdig vervaardig is.

(3) Die elektriese draadleiding tussen die verdeelbord of die aansluitkas en die pomp, moet waar moontlik, een deurlopende stuk draad wees: Met dien verstande dat, waar dit onmoontlik is, daar vlamdige aansluitkaste gebruik moet word.

Onderhoud van Tenks, Pylyne en Pompe

83.(1) Alle tenks, pylyne, pompe, masjinerie, toebere en toestelle vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof moet —

- (a) stewig en sterk gemaak wees;
- (b) sodanig geïnstalleer en vasgeheg word, dat dit nie moontlik beskadig kan raak nie;
- (c) doeltreffend elektries geaard wees;
- (d) nie vlambare vloeistowwe laat uitlek nie, en sover redelikerwyse moontlik ook nie vlambare vloeistofdampe, behalwe deur middel van 'n riool lugpyp laat ontsnap nie;
- (e) te alle tye in 'n behoorlike en goeie toestand ooreenkomsdig die bepalings van hierdie artikel in stand gehou word.

(2) Alle pylyne moet onder die grondhoogte wees en moet openbare sypaadjies reghoekig met die boulyn kruis.

(3) Alle aardverbinding wat ingevolge hierdie artikel vereis word, moet een keer elke 12 maande ondersoek word deur 'n gekwalifiseerde persoon, wat in 'n gesikte logboek wat deur die okkupant van die perseel verskaf, en uitsluitlik vir dié doel aangehou moet word, aantekeninge in verband met die doeltreffendheid en toestand van sodanige aardverbinding, benewens sy naam en adres en die datum waarop die ondersoek ingestel is, moet inskrywe. So 'n gekwalifiseerde persoon moet al dié inskrywings onderteken en hulle moet geredelik ter insae van enige behoorlik gemagtigde beampot van die Raad wees.

Samestelling van Draagbare Houers

84. Niemand mag meer as 50 l vlambare vloeistof Klas A of Klas B, in een houer opberg of vervoer of laat opberg of vervoer of toelaat dat dit daarin opgeberg of vervoer word nie, tensy sodanige houer van metaal van minstens 1,60 mm dik vervaardig is.

Vul van Houers

85. Niemand mag die handel, besigheid of bedryf van die vul van houers met vlambare vloeistof Klas A en Klas B dryf, of laat dryf of toelaat dat dit gedryf word nie behalwe in 'n vuurvaste gebou wat uitsluitlik vir dié doel gebruik word, of in die ope lug op 'n afstand van minstens 16 m vanaf enige vuur, vlam, oop lug of ander iets af wat moontlik vlambare vloeistof of die damp daarvan kan laat ontbrand.

Hoeveelheid in Houers

86. Geen houer mag vir meer as 95 persent van sy inhoudsvermoë met vlambare vloeistof gevul word nie.

Houers na Aflewering

87. Niemand wat meer van enige vlambare vloeistof in houers as die hoeveelheid vermeld in artikel 42 of wat vlambare vloeistof vir tydelike opberging soos bepaal in artikel 50 in ontvangs neem mag sodanige houers langer as wat redelikerwys noodsaaklik is, op enige plek, uitgesonderd in 'n pakkamer of opgaartenk, onbewaak laat bly of toelaat dat dit geskied nie, en onder geen omstandighede mag dié tydperk van 12 uur oorskry nie.

Storage of Empty Containers

88.(1) No person shall place any empty container or cause or permit an empty container to be placed in any premises other than a store: Provided that —

(a) such a container may be stored in the open air at a distance of not less than 6 m from any fire, flame, naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour;

(b) no person shall cause or allow any empty container to remain in or on any public place.

(2) Every empty container so stored shall at all times be securely closed with a bung or other suitable stopper.

Repairing of Containers

89. No person shall carry out or permit to be carried out any repairing operations to any container until all flammable liquid and flammable liquid vapours have been removed from such container.

Marking of Containers

90. No person shall supply or deliver to any person any Class A or Class B flammable liquid in any container of less than 200 l capacity unless such container bears in conspicuous letters the word "Flammable" in both official languages.

Capacity of Store

91. The certificate of registration issued in respect of any store shall state the class and maximum quantity of flammable liquid permitted to be kept in such store at any one time.

Danger Notice on Store

92. No person shall use as such or cause or permit to be used as such any flammable liquid store, unless and until the words "DANGER — FLAMMABLE LIQUID — NO SMOKING OR CARRYING OF MATCHES AND LIGHTERS", in letters not less than 150 mm in height, together with the class and maximum quantity of flammable liquid allowed to be kept in such store is legibly painted in both official languages on the outer face of the door of such store. Such notice shall at all times be maintained in such position and in a legible condition.

Construction and Situation of Store

93.(1) Every store shall be constructed in accordance with the following requirements:

(a) The walls shall be constructed of brick or concrete, the floor of concrete or other impervious material, and the roof of reinforced concrete.

(b) The store shall be fitted with a 50 mm hardwood door, suitably covered with metal of not less than 0,9 mm in thickness, carried on a metal frame or door of not less than 3 mm thickness, carried on an angle frame, and having an allround overlap of not less than 50 mm. Such door shall open outwards, and be fitted with a substantial lock. The type of door fitted shall be at the discretion of the chief fire officer.

(c) All window frames shall be constructed of metal and glazed with wire woven glass, and shall be of the non-opening type. Each pane shall not exceed 450 mm x 450 mm.

(d) Every store shall be constructed in such manner, or surrounded by walls or bunds of such a character that the

Opbergting van Leë Houers

88.(1) Niemand mag enige leë houer in 'n ander perseel as 'n pakkamer plaas, of laat plaas of toelaat dat dit daar geplaas word nie: Met dien verstande dat —

(a) so 'n houer in die ope lug op 'n afstand van minstens 6 m van enige vuur, vlam, oop lig of iets anders as wat moontlik vlambare vloeistof of die damp daarvan kan laat ontbrand, opgeberg kan word;

(b) niemand enige leë houer in of op enige openbare plek mag laat staan of toelaat dat dit daar laat staan word nie.

(2) Elke leë houer wat aldus opgeberg is moet te alle tye behoorlik met 'n spon of ander gesikte prop toe wees.

Herstel van Houers

89. Niemand mag enige herstelwerk aan 'n houer verrig of toelaat dat dit verrig word, alvorens alle vlambare vloeistof en vlambare vloeistofdampe uit die houer verwider is nie.

Merk van Houers

90. Niemand mag aan enige persoon enige vlambare vloeistof Klas A of Klas B verskaf of lever in enige houer wat minder as 200 l kan hou nie, tensy sodanige houer in opvallende letters die woord "Vlambaar" in beide amptelike tale op het.

Inhoudsvermoë van Pakkamer

91. Die registrasiesertifikaat wat ten opsigte van 'n pakkamer uitgereik word, moet die klas en grootste hoeveelheid vlambare vloeistof wat op enige tydstip in sodanige pakkamer gehou mag word, vermeld.

Gevaarkennisgewing op Pakkamers

92. Niemand mag 'n pakkamer vir vlambare vloeistof vir dié doel gebruik, of laat gebruik of toelaat dat dit so gebruik word nie, tensy en alvorens die woorde "GEVAAR — VLAMBARE VLOEISTOF — MOENIE HIER ROOK OF VUURHOUTJIES, SIGARETAANSTEKERS SAAM-DRA NIE", in letters wat minstens 150 mm hoog is, benevens die klas en grootste hoeveelheid vlambare vloeistof wat in sodanige pakkamer opgeberg mag word, leesbaar in albei die amptelike tale op die buitekant van die deur van sodanige pakkamer geverf staan. Sodanige kennisgewing moet te alle tye op die plek in 'n leesbare toestand onderhou word.

Bou en Ligging van Pakkamer

93.(1) Elke pakkamer moet ooreenkomsdig die volgende vereistes gebou word:

(a) Die mure moet van bakstene of beton, die vloer van beton of ander syferdigte materiaal en die dak van gewapende beton gemaak wees.

(b) Die pakkamer moet voorsien wees van 'n 50 mm hardehout deur wat paslik met metaal maat 0,9 mm dikte bekleed is, en wat aan 'n metaalkosyn vas is, of 'n metaaldeur van minstens 3 mm, wat goed pas en vas is aan 'n hoekysterraam, met 'n oorslag van minstens 50 mm rondom. So 'n deur moet na buite oopmaak en moet 'n stellig slot aanhou. Die tipe deur wat gepas word, moet volgens die diskresie van die brandweerhoof wees.

(c) Alle vensterrame moet van metaal wees en moet ruite van draadglas inhê, wat nie oopgemaak kan word nie. Elke ruit moet nie groter as 450 mm x 450 mm wees nie.

(d) Elke pakkamer moet op so 'n wyse gebou wees, of deur mure of walle van so 'n aard omring wees dat die

flammable liquid contained therein cannot escape therefrom. The well formed by such walls or bunds shall be of sufficient capacity to contain the maximum liquid capacity of the store plus ten per cent thereof.

(e) The store shall be ventilated by a system of ventilation of such design, construction and capacity as will adequately prevent the accumulation of flammable liquid vapour within all portions of such store and discharge such vapour into the open air at a point or points where such vapour is not likely to come into contact with any fire, flame, naked light or other agency likely to ignite such vapour: Provided, that where for any reason such ventilation can only be secured by means of a mechanical system of ventilating, such system shall conform to the provisions of section 135. All ventilating openings which are fitted into walls shall be set in iron frames and fitted tightly to the interior faces of the walls. The low ventilating openings shall be installed as near the well level as possible.

(f) The openings shall be protected by non-corrodible wire gauze of not less than 600 microns to the 25 mm.

(g) A store shall not be situated in such a position that it will impede the escape of any person or animal from the premises, or endanger any room, building, or premises in the case of fire.

(h) Any store with a floor area in excess of 10 m² shall be provided with at least two doors, constructed as described in paragraph (b), situated at such a distance from each other as to allow the free and unimpeded escape of persons within the store from either door in case of fire or other danger.

(2) Subject to the requirements of section 41 and notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, a store may be constructed of non-combustible material if—

(a) such store has no building nearer to it than 30 m;

(b) it is surrounded by the necessary wall or impervious bund as in subsection (1) provided.

(3) Every store shall be maintained at all times in accordance with the provisions of this section.

Lighting of Store

94. All lights installed shall be of the incandescent electric type which shall be enclosed in an outer flameproof fitting and all wiring shall be armoured cable or enclosed in seamless metal tubes, the junctions of which are screwed together. All switches, junction boxes, fuses and other electrical equipment shall be outside the store.

Use of Store

95. No person shall—

(a) use any store or cause or permit such store to be used for any purpose other than the storage of flammable liquid, oils and their containers;

(b) engage in or cause or permit any other person to be engaged in any store unless all the doors of the store are fully open and kept entirely unobstructed.

vlambare vloeistof wat daarin is, nie daaruit kan ontsnap nie. Die put wat deur sodanige mure of walle gevorm word moet groot genoeg wees om die grootste hoeveelheid vloeistof wat in die pakkamer opgeberg kan word, plus nog tien persent daarvan te hou.

(e) Die pakkamer moet geventileer word deur middel van 'n ventilasiestelsel wat sodanig ontwerp en gebou is, en so groot moet wees, dat dit die versameling van vlambare vloeistofdampe oral in die pakkamer toereikend sal verhoed en sodanige dampe laat ontsnap in die buitelug by 'n plek of plekke waar sodanige dampe nie moontlik in aanraking met enige vuur, vlam, oop lig of ander iets wat moontlik sodanige dampe kan laat ontbrand, sal kom nie: Met dien verstande dat indien sodanige ventilasie om een of ander rede deur middel van 'n meganiese ventilasiestelsel bewerkstellig kan word, sodanige stelsel aan die bepalings van artikel 135 moet voldoen. Alle ventilasieopeninge wat in die mure ingebou word, moet in ysterrame wees wat stewig aan die binnekant van die mure vasgeheg is. Die onderste ventilasieopeninge moet so na aan die puthoogte as moontlik geinstalleer word.

(f) Die openinge moet beskerm word deur middel van gaasdraad wat minstens 600 mikrons per 25 mm bevat, en bestand teen invretting is.

(g) 'n Pakkamer mag nie so geleë wees dat dit in die geval van brand die ontsnapping van enige persoon of dier van die perseel af kan belemmer of dat dit enige kamer, gebou of perseel in gevaar kan stel nie.

(b) Enige pakkamer met 'n groter vloeroppervlakte as 10 m², moet minstens twee deure in hē wat gemaak is soos beskryf in paragraaf (b), en wat sover van mekaar af is dat persone in die pakkamer in die geval van brand of ander gevaar vry en onbelemmerd deur enigeen van die deure kan ontsnap.

(2) Onderworpe aan die vereistes van artikel 41, en ondanks enigets andersluidend in hierdie Hoofstuk vervat, kan 'n pakkamer van nie-brandbare materiaal gebou wees indien —

(a) so 'n pakkamer nie nader as 30 m van enige ander gebou af staan nie;

(b) dit omring is deur die vereiste muur of syferdigte wal soos in subartikel (1) bepaal word.

(3) Elke pakkamer moet te alle tye ooreenkomsdig die bepalings van hierdie artikel onderhou word.

Verligting van Pakkamer

94. Alle ligte wat geinstalleer word moet van die elektriese gloeilamptipe wees wat 'n vlamdigte omhulsel buitem het en alle bedrading moet gepantserde kabel wees of moet in naatlose metaalbuise, waarvan die lasse vasgeskroef is, ingesluit wees. Alle skakelaars, aansluitkassies, sekerings en ander elektriese uitrusting moet buite die pakkamer geleë wees.

Gebruik van Pakkamer

95. Niemand mag —

(a) enige pakkamer vir enige ander doel as die opberging van vlambare vloeistof, olie, en die houers daarvan gebruik, of laat gebruik of toelaat dat dit so gebruik word nie;

(b) iemand anders in 'n pakkamer in diens hē of veroorsaak of toelaat dat hy daar in diens is nie, tensy alle deure van die pakkamer heeltemal oop staan en geheel en al onbelemmerd is.

Unauthorised Persons Entering Store

96. No person shall enter any store or cause or permit any store to be entered without the express permission of the occupier or other responsible person in charge of such store.

BULK DEPOTS*Danger Notice at Entrance*

97. Prominent notice boards bearing the words "DANGER — FLAMMABLE LIQUID — NO SMOKING" in letters not less than 150 mm in height in both official languages shall be erected at all entrances to bulk depots and shall at all times be maintained in such position and in a legible condition.

Storage

98.(1) Flammable liquid shall be stored in bulk depots as follows:

- (a) In underground storage tanks.
- (b) In above-ground storage tanks.
- (c) In bulk store.

(2)(a) Every such above-ground storage tank, or group of such tanks, with a total capacity of over 55 kl, shall be surrounded by either an embankment (hereinafter called a retaining embankment) or a retaining wall of brick or cement concrete, either plain or reinforced (hereinafter called a retaining wall) so designed and constructed as to form a reservoir capable of containing and retaining the quantity of liquid required to be retained in accordance with paragraph (f): Provided that the top of such retaining embankment or retaining wall shall be at least 75 mm higher than is necessary to contain and retain such quantity of liquid.

(b) The retaining embankment shall be at least 600 mm thick at the top with slopes on each side of 1,5 to 1. Such embankment shall be constructed with a central core of concrete not less than 200 mm thick at the top with a batter on each side of 1 to 24 to the level of the interior of the area enclosed. The core of the same thickness as at this level shall be taken down to such depth, depending on the nature of the soil, as will effectually prevent any leakage of liquid. The earthwork round the core shall be composed of materials well watered and consolidated.

(c) A retaining wall shall be constructed in accordance with the following requirements:

(i) It shall be capable of resisting the full overturning movement of the liquid in the enclosed reservoir when filled to within 75 mm of the top with a liquid of the same specific gravity as water.

(ii) If such wall constitutes a partition between two reservoirs, it shall be capable of withstanding thrust from either side.

(iii) Every retaining wall shall be taken down to such depth and be provided with such foundations depending on the nature of the soil, as will ensure stability in all respects and effectually prevent any leakage of liquid.

(iv) Every retaining wall of reinforced concrete shall be not less than 150 mm in thickness at the top and the tensile force of the stresses shall be wholly taken up by steel rods placed not nearer the surface thereof than 50 mm.

(v) The concrete stress shall not exceed 4 826 kN/m² (48

Ongemagtigde Persone wat Pakkamer binnegaan

96. Niemand mag enige pakkamer binnegaan of laat binnegaan of toelaat dat dit binnegegaan word nie behalwe met die uitdruklike toestemming van die okkupant of ander verantwoordelike persoon wat beheer oor die pakkamer het.

GROOTMAATDEPOTS*Gevaarkennisgewing by Ingange*

97. Opvallende kennisgewingborde met die woorde "GEVAAR — VLAMBARE VLOEISTOF — MOENIE HIER ROOK NIE" duidelik in albei die amptelike tale daarop, in letters wat minstens 150 mm hoog is, moet by al die ingange van die grootmaatdepots opgerig word, en moet te alle tye op dié plekke in 'n leesbare toestand onderhou word.

Opberging

98.(1) Vlambare vloeistof moet as volg in grootdepots opgeberg word:

- (a) In ondergrondse opgaartenks.
- (b) In bogrondse opgaartenks
- (c) In magasyne.

(2)(a) Elke sodanige bogrondse opgaartenk of groep sodanige tenks met 'n totale inhoudsvermoë van meer as 55 kl, moet omring wees of deur 'n wal (wat hierna 'n keerwal genoem word), of deur 'n keermuur van baksteen, of van gewapende ongewapende cementbeton (wat hierna 'n keermuur genoem word), wat sodanig ontwerp en gehou is dat dit 'n reservoir vorm wat in staat is om die hoeveelheid vloeistof wat ooreenkomsdig paragraaf (f), daarin gehou moet word, te bevat en te behou: Met dien verstande dat die kruin van sodanige keermuur of keermuur minstens 75 mm hoër moet wees as wat nodig is om die hoeveelheid vloeistof te bevat en te behou.

(b) Die keermuur moet bo minstens 600 mm dik wees, met 'n skuinste, aan elke kant van 1,5 l. So 'n keermuur moet gemaak wees met 'n betonkern binnein wat minstens 200 mm dik is en met 'n terughelling aan elke kant van 1 op 24 tot op die vlak van die binnekant van die ingeslotte ruimte. Die kern moet met dieselfde dikte as wat dit op hierdie vlak het, al na die soort grond, so diep afgevoer word dat dit doeltreffend sal voorkom dat enige vloeistof uitlek. Die grondwerk om die kern moet van materiaal wees wat deeglik natgemaak is en hard geword het.

(c) 'n Keermuur moet in ooreenstemming met die volgende vereistes gebou word:

(i) Dit moet in staat wees om die volle kantelingsmoment van die vloeistof wat in die ingeslotte reservoir is, wanneer dit tot binne 75 mm van bo af opgevul is met 'n vloeistof met dieselfde soortlike gewig as water, te kan weerstaan.

(ii) Indien so 'n muur 'n afskorting tussen twee reservoirs uitmaak, moet dit in staat wees om die druk van enige kant af te weerstaan.

(iii) Elke keermuur moet al na die aard van die grond, so diep afgevoer word en sodanige fondamente hê dat dit in alle opsigte stewig is en doeltreffend sal voorkom dat vloeistof uitlek.

(iv) Elke keermuur van gewapende beton moet bo minstens 150 mm dik wees, en die trekkrug van die spantuig moet heeltemal deur staalstange wat minstens 50 mm van die oppervlakte daarvan aangebring is, opgeneem word.

(v) Die betonspanning moet hoogstens 4 826 kN/m² (48

bar) and the stress in the steel 110 316 kN/m² (1 103 bar) under fully loaded conditions.

(d) Adequate provisions shall be made to dispose of any water which may be retained by any such retaining embankment or wall. Any drain pipe through such embankment or wall shall be fitted with a cast-iron valve on the outside which, except when in use, shall be kept closed and adequately locked.

(e) The retaining capacity of such enclosed reservoir surrounding any tanks or group of tanks shall be as follows:

(i) Where there is not more than one tank within such storing place, 90 per cent of the total capacity of the tank.

(ii) Where there are not more than two tanks within the same enclosed reservoir, 80 per cent of their total capacity.

(iii) Where there are three or more tanks within the same enclosed reservoir, 75 per cent of their total capacity.

(f) The area enclosed by such retaining embankment or wall not occupied by any storage tank shall, except for the purpose of carrying out repairs, alterations or additions to such tanks, be kept entirely free and unoccupied.

(g) The provisions of paragraphs (b) and (c) shall not apply to any existing reservoir in use at the date of promulgation of this chapter.

(3) Every bulk store shall be —

(a) constructed of non-combustible material;

(b) adequately ventilated to prevent the accumulation of flammable liquid vapour therein;

(c) so designed and constructed as to be capable of containing and retaining, either under the action of fire or otherwise, 50 (fifty) per cent of the total quantity of liquid contained therein.

Tank Distances

99. All storage tanks shall, in regard to the sizes set out in the first column hereto, be separated from the boundary of the bulk depot and from each other by the distances set out in the second and third columns hereto respectively:

Capacity of tank	Distance from boundary	Distance between tanks		
			Kilolitres	Metres
Up to 55	6	1		
Up to 85	7,5	1		
Up to 110	9	1,5		
Up to 140	10	3		
Up to 220	12	4,5		
Up to 350	13	5,5		
Up to 455	15	6		
Up to 910	15	7,5		
Up to 2 300	15	8		
Up to 4 550	15	12		
Over 4 550	15	15		

Provided that —

(a) where tanks of varying capacities are to be grouped, the distances from the boundaries shall be observed but the distances between individual tanks shall be not less than

bar) en die spanning in die staal 110 316 kN/m² (1 103 bar) onder toestande van volle belasting wees.

(d) Toereikende voorsiening moet gemaak word vir die afvoer van enige water wat deur enige sodanige keerwal of keermuur opgedoen word.

Enige afvoerpyp deur so 'n wal of muur moet toegerus wees met 'n gietysterklep aan die buitekant, wat, behalwe wanneer dit in gebruik is, toegehou en behoorlik gesluit moet word.

(e) Die inhoudsvermoë van so 'n ingesloten reservoir wat enige tenk, of 'n groep tenks omring, moet soos volg wees:

(i) Waar daar nie meer as een tenk in so 'n opbergruimte is nie, 90 persent van die totale vermoë van die tenk.

(ii) Waar daar nie meer as twee tenks in dieselfde ingesloten reservoir is nie, 80 persent van die totale vermoë van die tenks.

(iii) Waar daar drie of meer tenks in dieselfde ingesloten reservoir is, 75 persent van die totale vermoë van die tenks.

(f) Die oppervlakte ingesluit deur so 'n keerwal of keermuur wat nie deur enige opgaartenk beslaan word nie moet, uitgesonderd vir die doel van die uitvoer van herstelwerk, veranderings of byvoeging by sodanige tenks, heeltemal vry en onbeset gelaat word.

(g) Die bepalings van paragrawe (b) en (c) is nie van toepassing nie op enige bestaande reservoir wat in gebruik is op die datum van die askondiging van hierdie Hoofstuk.

(3) Elke magasyn moet —

(a) van nie-vlambare materiaal gebou word;

(b) behoorlik geventileer wees om die versameling van vlambare vloeistofdampe daarin te voorkom;

(c) so ontwerp en gebou wees dat dit in staat is om, hetsy onder die uitwerking van vuur of andersins 50 (vyftig) persent van die totale hoeveelheid vloeistof wat daarin is, te bevat en te behou.

Afstande van Tenks

99. Alle opgaartenks moet, met betrekking tot die groottes wat in die eerste kolom hieronder aangegee word, onderskeidelik die afstande wat in die tweede en derde kolomme hieronder aangegee word, van die grens van die grootmaatdepot en van mekaar af verwyder wees:

	Inhoud van tenk Kilo- liter	Afstand van grens Meter	Afstand tussen tenks Meter
Tot	55	6	1
Tot	85	7,5	1
Tot	110	9	1,5
Tot	140	10	3
Tot	220	12	4,5
Tot	350	13	5,5
Tot	455	15	6
Tot	910	15	7,5
Tot	2 300	15	8
Tot	4 550	15	12
Bo	4 550	15	15

Met dien verstaande dat —

(a) waar tenks van verskillende inhoudsmate saamgevoeg word moet die afstande van die grense nagekom word, maar die afstande tussen afsonderlike tenks moet

the sum of the specified distances for each size of tank divided by two;

(b) no building or structure for the filling of containers with flammable liquids shall be erected within 15 m of any storage tank or within 7,5 m of the boundary of any bulk depot.

Electric Motors

100. No person shall place or cause or permit to be placed any electric motor in any position where it is likely to come into contact with any flammable liquid or its vapour, unless such motor is of flame-proof construction.

Fire Appliances

101.(1) Every bulk storage depot shall be connected to the Board's or other approved water supply system by means of a lead with a diameter of not less than 100 mm.

(2) A fire pump connection for each fire service shall be installed in a position approved by the Board and within easy access of a street hydrant.

(3) A reflux valve to shut off the supply from the street mains when the pump connection is being used shall be fitted between the stand boundary and the pump connection.

(4) Standard pattern wheel valve hydrants fitted with Morris's instantaneous 65 mm couplings shall be located in positions approved by the Board and adjacent to buildings and tanks used for flammable liquid storage, at the rate of one for every 450 m² of floor area and one within 92 m of each bulk storage tank.

(5) 65 mm Plastic fire hose and branch pipes with 19 mm nozzles of sufficient length for the adjacent area which is served by such hydrants shall be provided.

(6) Wheeled dry powder type extinguishers of not less than 45 kg capacity, or other similar type of extinguishers, together with foam making branch pipes, shall be installed where deemed necessary and required by the Board. Every building used for the storage of flammable liquid or flammable substances shall be provided with 9 kg dry powder chemical fire extinguishers at the rate of two for every 450 m² of floor area.

(7) An adequate system of alarm in case of fire (such as bells, whistles or sirens) shall be installed.

(8) All persons employed at or in the bulk depot shall be periodically instructed in the use of all fire appliances.

Filling of Road Tank Wagons

102. The filling of a road tank wagon with flammable liquid shall not be commenced or carried out at a bulk depot —

(a) at a lesser distance than 8 m from any storage tank or building above ground or boundary of such depot;

(b) unless and until all pipes have been efficiently earthed;

(c) unless good and sufficient metallic contact has been made and is maintained between such wagon and the metal pipeline to prevent the building up of a static charge of electricity on such wagon.

minstens gelyk wees aan die totaal van die neergelegde afstande vir elke grootte tenk, verdeel met 2;

(b) geen gebou of struktuur met die doel om houers met vlambare vloeistof te vul, binne 15 m van 'n opgaartenk af, of binne 7,5 m van die grens van 'n grootmaatdepot af, opgerig mag word nie.

Elektriese Motors

100. Niemand mag enige elektriese motor in enige posisie waar dit moontlik met enige vlambare vloeistof of die damp daarvan in aanraking kan kom, plaas of laat plaas, of toelaat dat dit daar geplaas word nie, tensy so 'n motor van 'n vlamdigde konstruksie is.

Brandblustoestelle

101.(1) Elke grootmaatopgaardepot moet deur middel van 'n waterleiding van minstens 100 mm deursnee met die Raad se of ander goedgekeurde watertoeverstelsel verbind wees.

(2) 'n Brandspuitverbinding moet ten opsigte van elke branddiens geinstalleer word op 'n plek wat deur die Raad goedgekeur is, en wat binne maklike bereik van 'n straatbrandkraan is.

(3) 'n Terugslagklep om die tovoer van die straatvoorsiening af te sluit wanneer die spuitverbinding gebruik word, moet tussen die grens van die standplaas en die spuitverbinding aangebring word.

(4) Standaard-wielklepbrandkrane wat voorsien is van Morris-moment-aankoppeling met 65 mm deursnee moet op plekke wat deur die Raad goedkeur is, langs geboue en tenks wat vir die opberging van vlambare vloeistof gebruik word, aangebring word, teen een per elke 450 m² vloeroppervlakte, en een binne 92 m van elke grootmaatopgaartenk.

(5) 65 mm plastiek brandslang en aftakpype met 'n 19 mm uit en wat lank genoeg is om die aangrensende gebied wat deur die brandkraan bedien word, te bereik, moet verskaf word.

(6) Blustoestelle van die droë poeier tipe met wiele en wat 'n kapasiteit van minstens 45 kg het, of ander soortgelike tipe blustoestelle benewens aftakpype wat skuim verwek moet, waar dit nodig geag word en deur die Raad vereis word, geinstalleer word. Elke gebou wat vir die opberging van vlambare vloeistof of vlambare stowwe gebruik word moet voorsien word van die droë poeier chemiese brandblussers van 9 kg teen twee ten opsigte van elke 450 m² vloeroppervlakte.

(7) 'n Doeltreffende alarmstelsel, in die geval van brand (soos klokke, fluite of sirene) moet geinstalleer word.

(8) Alle persone wat in of by die grootmaatdepot in diens is, moet van tyd tot tyd onderrig word in die gebruik van alle blustoestelle.

Vul van Tenkvragmotors

102. Die vul van 'n tenkvragmotor met vlambare vloeistof mag nie begin of uitgevoer word by 'n grootmaatdepot nie —

(a) op 'n korter afstand as 8 m van enige opgaartenk of gebou bokant die grond of grens van so 'n depot af;

(b) tensy en alvorens alle pype deeglik geaard is;

(c) tensy goeie en toereikende metaalkontak gemaak is en onderhou word tussen so 'n vragmotor en die metaal pylym om te voorkom dat 'n statiese elektrisiteitslading in so 'n vragmotor opgebou word.

Starting of Engine at Filling Point

